kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Vervulling in 'n onvolmaakte wêreld"

Skriflesing: Lukas 4:14-21 (1983)

14 Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van
die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing
versprei.
15 Hy het die mense in die sinagoges geleer, en almal het met
lof van Hom gepraat.
16 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het,
en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die
sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te
lees,
17 is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy
het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan:
18 "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het
om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur
om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig
vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,
19 om die genadejaar van die Here aan te kondig."
20 Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar
teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die
sinagoge was op Hom gerig.
21 Toe begin Hy hulle toespreek: "Vandag is hierdie
Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."

Broodjies vir die pad

Die vroue wat baanbrekers was

Elsabé Brits

Die swart-wit kortfilm in die Museum of London speel weer en weer. 'n Mens kan nie help om met afgryse én fassinasie daarna te bly staar nie: Emily Wilding Davison (40) hardloop tydens die Epsom-perderesies voor die perd in wat aan koning George V behoort.

Die perd se hoewe vertrap haar en sy bly lê. Davison (in die film gespeel deur Natalie Press) herwin nooit haar bewussyn nie. Sy sterf vier dae later.

Dit is onwaarskynlik dat sy haar eie lewe wou neem. Historici meen sy wou dalk 'n serp aan die perd vasmaak, maar die doel van haar optrede is steeds onseker.

Duisende vroue, geklee in die kleure van die Suffrajette-beweging se wit, groen en ligpers woon haar begrafnis op 14 Junie 1913 by.

Teen dié tyd het die stryd om vrouestemreg lank reeds gewelddadig geraak, maar dit was veel meer as net 'n geveg op straat en in tronke om 'n kruisie te trek.

Dit was 'n georganiseerde stryd teen manlike oorheersing en vir gelyke regte, al was dit eers net om die regte van wit vroue te erken. (Die nadraai van Victoriaanse Engeland en die wêreld waaroor hy regeer het en 'n Europa waar die adelstand voor die Eerste Wêreldoorlog nog in beheer was, was lank nog nie gereed vir die gelykheid van rasse nie.)

Davison is een van duisende vroue wat tronkstraf met dwang-arbeid opgelê is, geslaan en met geweld gevoer is wanneer hulle op eetstakings gegaan het. Daar was selfs van die vroue wat seksueel aangerand is.

Die protesteerders is hoegenaamd nie soos "dames" behandel nie, al is dít hoe die mans in beheer wou hê dié vroue moes "optree".

Sowat 300 000 vroue het in Junie 1908 in Londen aan een van die suksesvolste optogte deelgeneem.

Die gees van die middelklasvrou was onomkeerbaar.

Dit is hierdie vroue se serpe in die kleure van die beweging, borsspelde, vlae, plakkate en foto's wat 'n mens in die spesiale uitstalling in die Museum of London naby die St. Paulus-katedraal kan sien.

Jy kan ook die verhale van die gewone voetsoldate volg, asook artefakte van die bekende baanbrekers sien.

Die beweging het reeds in die 1850's begin, maar dit het stukrag gekry toe twee organisasies in Brittanje gestig is.

Die National Union of Women's Suffrage Societies is onder leiding van Millicent Fawcett in 1897 gestig. Hul doel was om vreedsaam met die regering te onderhandel.

Teen die tyd dat die Eerste Wêreld-oorlog in 1914 uitgebreek het, het Fawcett die stemregsaak tersyde gestel en die regering aktief gesteun om vrywilligers te werf om in die loopgrawe te gaan sterf.

In 1903 word die Women's Social and Political Union (WSPU) onder leiding van Emmeline Pankhurst (ongelukkig 'n klein rolletjie gespeel deur Meryl Streep), gesteun deur haar dogters, Christabel, Sylvia en Adela, gestig.

Van dekades se beloftes en wette waarin voorgestel is dat vroue beperkte stemreg kry, het dadels gekom. Pankhurst het besluit "deeds not words" is die enigste manier om gehoor te word.

Hulle het brande gestig, klippe gegooi, vensters gebreek, hulself aan die tralies van bekende geboue vasgeketting en optogte gehou. Enigiets om verset te toon en gehoor te word.

Die twee organisasies bewyer hulle net vir die stemreg van vroue, en nie vir die stemreg van arm mans nie. Dié mans kon ook nie stem nie omdat hulle nie eiendom besit nie.

Toenemend vind die WSPU aanklank by middelklasvroue, maar in 'n mindere mate die werkersklas, hoewel die film se verhaal draai om 'n werkersklas-wasvrou (ook 'n fiktiewe karakter) ene Maud Watts (gespeel deur Carey Mulligan) wat betrokke raak by die saak.

Sy is haar man se besitting en het basies geen regte nie.

In 1909 word nóg 'n stemreg-organisasie gestig, die People's Suffragge Federation (PSF), onder leiding van Emily Hobhouse, haar broer Leonard, Bertrand Russell en Margaret Llewelyn Davies.

Hulle beywer hulle vir stemreg vir álle mans en vroue bo 21 jaar, omdat net sowat agt miljoen van die sowat 25 miljoen mense in die land kon stem: almal welaf mans.

Op 3 November 1909 lei Emily Hobhouse 'n afvaardiging van die PSF-leiers om sir Herbert Gladstone, die Britse minister van binnelandse sake, te spreek.

Aan Gladstone sê sy hulle ignoreer die kern van die stryd tussen vroue en die regering: "Naamlik, julle veg teen 'n gees. Kan die materiële die geestelike oorwin?
. . .'n Gees verpletter op een plek sal net elders op duisend plekke sterker opstaan."

Herbert Asquith, Brittanje se eerste minister van 1908 tot 1916, was seker een van die grootste teenstanders van stemreg vir vroue, hoewel hy soos sy voorganger, Henry Campbell-Bannerman, 'n Liberaal was.

Gedurende sy ampstermyn het dokters bevind dat die praktyk van dwangvoeding – deur 'n voedingsbuis met geweld in die vroue se kele sover as moontlik af te druk – is niks anders as marteling nie.

Interessant genoeg word die rol van Edith Ellyn (ook 'n fiktiewe karakter) deur Helena Bonham Carter vertolk en háár agteroupagrootjie is die einste onwrikbare Asquith.

Die regering het slim geraak en in 1913 die sogenaamde "kat-en-muis-wet" ingestel: Vroue wat aan eetstakings deelgeneem het, is huis toe gestuur om te herstel, maar sodra hulle genoegsaam herstel het, is hulle weer tronk toe gestuur.

Maar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het Pankhurst opdrag gegee dat die organisasie se militante optrede opgeskort word, en dit was juis die vroue se diens aan die oorlog wat die publiek se opinie help swaai het.

Die PSF was weer pasifisties van aard en het nie gehoor gegee aan oproepe om die oorlogspoging te steun nie.

Die politici was versigtig om te veel mag aan vroue te gee, want soveel mans het in die oorlog gesterf dat daar 'n kans was dat vroue die meerderheidstem kon kry.

Beperkte stemreg is dus in 1918 aan wit vroue gegee.

Hulle moes 30 jaar of ouer wees en moes óf getroud wees met 'n man wat reeds op die kieserslys verskyn óf eiendom besit óf 'n universiteitsgraduandus wees wat in dié kiesafdeling stem.

Eers in 1928 is dié beperkings in Brittanje opgehef en in 1930 het wit vroue stemreg in Suid-Afrika gekry.

Dit was die vroue wat die geweld van die polisie en die wrewel van hul eie mans moes verduur, asook die afkeur van die samelewing en selfs hul eie werk in gedrang gebring het (indien hulle een gehad het) wat die weg na gelykheid gebaan het.

Hulle het daardie eerste treë gegee, al moes hulle lang en pynlike draaie loop om 'n moderne agenda daar te stel – van die reg om te studeer en 'n loopbaan te kies, die reg om oor haar eie liggaam en voortplantingstatus te besluit tot 'n toekoms waar gender-vloeibaarheid hopelik die norm sal wees.

- *Bronne:The Ascent of Women; The Independent; The Brittish Suffragette Movement; The Radicalization of a Ministering Angel: A Biography of Emily Hobhouse, 1860-1926.*
- *Elsabé Brits is Die Burger se wetenskapjoernalis.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/die-baanbreker-vroue-20160111

◆◆◆

Compassion is a practically acquired knowledge, like dancing. You must do it and practice diligently day by day.
Karen Armstrong

Compassion is the key in Islam and Buddhism and Judaism and Christianity. They are profoundly similar.
Karen Armstrong

Compassion is not a popular virtue. Very often when I talk to religious people, and mention how important it is that compassion is the key, that it's the sine-qua-non of religion, people look kind of balked, and stubborn sometimes, as much to say, what's the point of having religion if you can't disapprove of other people?
Karen Armstrong

Believe it or not, Christianity is not about good people getting better. If anything, it is good news for bad people coping with their failure to be good.
Tullian Tchividjian

If we read the Bible asking first, 'What would Jesus do?' instead of asking 'What has Jesus done,' we'll miss the good news that alone can set us free.
Tullian Tchividjian

Brood vir die pad

Hannah Arendt collected essays of Walter Benjamin after this death and published them under the title, Illuminations, (Harry Zohn, trans., New York: Shocken Books, 1968.) Her introductory essay, which was also published in The New Yorker, has become famous for the following passage:

> Like a pearl diver who descends to the bottom of the sea, not to excavate the bottom and bring it to light but to pry loose the rich and strange, the pearls and the coral, in the depths, and to carry them to the surface, this thinking delves into the past --but not in order to resuscitate it the way it was and to contribute to the renewal of extinct ages. What guides this thinking is the conviction that although the living is subject to the ruin of time, the process of decay is at the same time a process of crystallization, that in the depth of the sea, into which sinks and is dissolved what once was alive, some things 'suffer a sea-change' and survive in new crystalized forms and shapes that remain immune to the elements, as though they waited only for the pearl diver who one day will come down to them and bring them up into the world of the living-- as 'thought fragment,' as something 'rich and strange,' and perhaps as everlasting Urphanomene. (pp 50-51)

After Jesus read that passage from Isaiah which defines the effect of hearing God's word-- healing, justice, liberation-- he declares that that venerable text is not just an inspiring fragment from the past, it is fulfilled here and now, this day. Preacher and congregation are engaged in a risky exercise when the biblical texts are read and interpreted in public. Something might happen!

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877